
GN 49'5-7 : JAKOB PROFETEER OOR SY SEUNS - LEVI

E209

Simeon en Levi word saam deur Jakob gehanteer (Gn 49:5-7). Laas het ons na Simeon gekyk, Jakob se tweede seun by Lea. Nou kyk ons na Levi, Jakob se derde seun, ook by Lea (Gn 29:34).

Levi se naam beteken waarskynlik *saambind*. Ruben (*Kyk, 'n seun!*) en Simeon (*Die Here hoor!*) kon nie daarin slaag om Lea se man se hart aan hare vas te knoop nie. Maar sy gee nie moed op nie. Miskien sal *Saambind* daarin slaag om Jakob aan haar vas te bind.

As Jakob terugkyk oor Levi se lewe, is daar - soos in die geval van Simeon - een ding wat uitstaan: sy geweldpleging en onbeteuelde drif (5, 7). Koelbloedig het hy mense vermoor en roekeloos diere mishandel (6).

Daarom distansieer Jakob hom ook van hierdie derde oudste seun van hom en Lea (6a).

Ook oor Levi se toekoms word hierdie onheilspellende woorde gesê: *sy nageslag gaan binne die volk Israel uitmekaar gejaag en tussen die stamme verdeel word* (7b). En inderdaad sou dit oor die volgende eeue merkwaardig bewaarheid word.

Levi se sonde waarna Jakob verwys, is opgeteken in Gn 34. Ons sal nie weer in besonderhede daarna kyk nie. Maar wat in kort gebeur het, is dat Simeon en Levi al die mans van Sigem doodgeslaan het nadat een van hulle die broers se suster, Dina, verkrag het.

Levi se toekoms

Israel se woestynreis is skaars aan die gang as mens weer van die stam Levi lees (Eks 32).

Terwyl Moses op die berg Sinai is, maak die volk vir hulle 'n goue kalf om te aanbid. Dit gaan gepaard met 'n bandelose en sedelose swelgparty. Dit vertoorn God so dat Hy die hele volk wil uitwis, maar Moses doen op 'n aangrypende wyse vir hulle voorbidding. As Moses egter by die laer aankom, is hy buite homself van woede. Hy gaan staan dan by die ingang van die kamp en roep uit: "Wie vir die Here is, kom hier na my toe!"

Die Leviete vergader dan om Moses - dalk omdat hulle nie aan die orgie deelgeneem het nie (26). Moses gee hulle dan opdrag om die kamp in te val en voor die voet dood te maak met die swaard - ongeag of dit familie, vriende of bure is. Hulle weet mos hoe om hierdie soort van ding te doen - hoewel hulle dit hier in opregte ywer vir die Here sal doen (Gn 34:25-26). Só word drieduisend Israëliete dan gedood - feitlik vir seker die belhamels van die opstand teen die Here.

Hierop sê Moses vir die Leviete: "Vandag is julle gewy vir diens aan die Here, want julle het selfs teen seuns en broers opgetree." In 'n enkele dag is hulle vloek verander in 'n seën (Eks 32:29).

Hier lê die oorsprong van die Levitiese priesterskap.

- Aäron, wat hom laat meesleur het deur die volk, was self 'n Leviet. Aangesien hy die Here se toorn verwek het, kan ons aanvaar dat selfs hy doodgemaak sou geword het, as dit nie vir Moses se ernstige en spesifieke voorbidding vir hom was nie (Dt 9:20).

- Interessant is dit dat Pinehas, wat Simri en die Mideanitiese vrou op 'n bloederige wyse tereggestel het ter wille van God se eer, ook 'n Leviet was (Num 25:10vv). Ook hy ontvang as loon 'n blywende priesterskap van die Here.

- Nog voor die episode van die goue kalf word Aäron as hoëpriester aangestel, terwyl sy vier seuns hom moet help (Eks 28:1). Hy en Moses was natuurlik ook Leviete. Maar nou word die Leviete as hulle helpers afgesonder.

- In Dt 33 lees ons hoe Moses voor sy dood die onderskeie stamme profeties seën. In die geval van Levi beklemtoon hy hulle priesterlike roeping - op grond van die feit dat hulle nie gehuiwer het om selfs naby-familie by Sinaï tereg te stel nie (8-11).

- In Kanaän het die Leviete geen deel van die land as grondgebied gekry nie. Hulle is tussen die stamme verdeel. Spesifiek moes hulle in 48 stede woon - 4 in elke stamgebied. Hiër moes hulle dan die hele volk leer van die Woord, wet en weë van die Here (Lev 10:11).

So is Jakob se profesie dan letterlik vervul: *Levi se nageslag is tussen die stamme van Israel verdeel* (Gn 49:7). Maar nie langer was dit 'n vloek nie; nou was dit 'n seën en voorreg.

WAT KAN ONS HIERDIE GESKIEDENIS LEER?

1. Die Here kan reguit hou met krom stokke slaan - en doen dit inderdaad dikwels

Iets het oënskynlik in Levi en sy nageslag se gene gesit wat hulle tot geweld geneig het. Ons sien dit nie net in die geval van die Sigemiete en by Sinaï nie. Moses, self 'n Leviet, slaan sonder meer 'n Egiptenaar dood wat 'n mede-Israëliet mishandel. En Pinehas, in sy ywer vir die Here, druk sonder om twee keer te dink, 'n spies deur 'n man en vrou. Sou ek en jy dit kon regkry?

Party mense het net 'n meer robuuste en aggressiewe temperament as meeste. Vir sekere sportsoorte word dit as noodsaaklik geag. Sonder 'n sogenaamde *killer instinct* sal jy byvoorbeeld nie ver kom op die rugbyveld of in die bokskryt nie.

Gee mens vrye uiting aan so 'n neiging, vat dit jou ver weg van die sagmoedigheid, nederigheid en diensbaarheid wat ons as dissipels van Jesus Christus moet kenmerk. Maar ons kan die Here dank dat dit nie al is wat oor die saak te sê is nie.

So 'n karaktertrek kan ook deur die Here positief en tot Sy eer aangewend word. Soveel waardering het die Here vir Pinehas se optrede, dat Hy met hom 'n verbond sluit. Dink maar aan hoe God ander soortgelyke persoonlikhede ten goede gebruik het in

Bybelse tye. Dawid was weliswaar 'n digter en 'n sanger, maar hy kon ewe goed doodslaan - tot so 'n mate dat hy vanweë al die bloed wat hy laat vloei het, nie toegelaat is om die tempel te bou nie.

Hiermee wil mens nie impliseer dis maar goed om vrye uiting te gee aan jou aggressie as jy dink dit sal die Here verheerlik nie. Maar so 'n robuuste tipe temperament kry dikwels dinge reg wat vir 'n saggeaarde totaal onmoontlik is. Die sendinggeskiedenis is byvoorbeeld ondenkbaar sonder sulke onstuitbare karakters. Een van die uitstaande sendingpioniers van die moderne tyd is C.T. Studd, maar hy was so 'n moeilike man dat niemand met hom kon saamwerk nie.

Ook dit is nie al wat ons oor hierdie saak moet sê nie. As die Here 'n mens wederbaar, begin daar 'n proses van heiligmaking. En algaande – dit vat helaas dikwels jare – maak aggressie plek vir sagmoedigheid. Na meer as veertig jaar agter Jetro se skaap in die woestyn, is Moses meer sagmoedig was as enigiemand anders op aarde (Num 12:3). Dit beteken nie dat hy 'n papperd geword het nie; intendeel, hy was enduit 'n reus onder die leiers van alle eeue.

Mens kry die kloutjie by die oor as jy verstaan wat sagmoedigheid presies beteken. Die Griekse begrip (Gr. *praotes*) is baie sprekend. Dit word onder meer in die klassieke wêreld gebruik vir 'n perd wat goed afgerig is. Dis absoluut gedissiplineerd, getem, gehoorsaam - maar het steeds geweldige krag beskikbaar as die situasie dit vereis. Sagmoedigheid is dus 'n gedissiplineerdheid wat baie kragtig kan optree wanneer nodig, maar wat as 'n reël sag en simpatiek teenoor alle mense sal wees. Nooit tree dit onbeheersd op nie.

Presies dit sien mens in Moses se lewe. Hy kon soos 'n rots voor 'n miljoen woedende mense staan, en baie sterk optree indien nodig, maar in selflose liefde het hy in algehele gehoorsaamheid aan die Here sy hele lewe aan die verbondsvolk gewy.

Opgesom: die Here gebruik ons natuurlike temperament, aanlegte en geneighede. Dikwels besny Hy selfs ons swak karaktertrekke en gebruik dit in Sy diens en tot Sy eer. So het Levi se skande

sy eer geword. Wie dink nog aan hom as 'n geweldenaar?

2. Duidelik sien mens God se genadige uitverkiesing in Levi en sy nageslag se lewe.

Sonder om te impliseer dat alle Leviete gered is - natuurlik nie - is God se inisiatiefnemende redding glashelder in die geskiedenis waarna ons kyk.

Saam-saam het Simeon en Levi die Sigemitiese mans doodgeslaan. As Jakob God se oordele oor hulle profeteer, hanteer hy hulle saam. En só werk dit tot die einde toe uit in die lewens van Simeon en sy nageslag. Maar in die Leviete se geval is daar 'n radikale ommekeer ten goede.

Mens sou kon argumenteer dat dit te danke is aan hulle getrouheid aan God by Sinai. En so was dit inderdaad. Maar hierby moet ons nie vassteek nie. Want vóór Sinai word die Leviet, Aäron, reeds as hoëpriester aangewys. Beide sy ouers was Leviete (Eks 2:1). En in elk geval profeteer Jakob nog vroeër dat die Leviete verspreid onder Israel sal woon. En presies so het dit gebeur – en dit was die direkte gevolg van hulle roeping tot die priesterskap.

Sekerlik sal daar mense wees wat met allerlei argumente wegbeur van God se soewereine inisiatiefneming in Levi en sy nageslag se bestaan. Maar diegene wat nederig aanvaar dat God die hoë en verhevene is wat in die ewigheid woon, sal nogeens in hierdie geskiedenis lees dat Hy bo-histories regeer en alles stuur volgens die raadsplan van Sy wil.

3. In Levi se lewe is daar meer as een voorafskaduing van dit wat eie is aan ons dissipelskap in die Here Jesus se voetspore.

Ons lees van nog 'n Levi - in die Nuwe Testament. Al was hy waarskynlik nie 'n geweldenaar nie, was hy vir seker 'n harige karakter. Hy was immers op sy dag 'n tollenaar. Maar eendag het die Here Jesus by hom verby gestap en vir hom gesê: "Volg My!" En sy lewe was nooit weer dieselfde nie. Hy het die apostel, Matteus, geword - skrywer van die eerste evangelie.

Waarlik, as die Here hierdie twee Levi's - die

geweldenaar en die swendelaar - so wonderlik kon verander en gebruik, kan Hy mos met jou en my lewe ook iets uitrig, nie waar nie!

Volgens die Nuwe Testament roep die Here elkeen van Sy kinders tot 'n lewe en bediening van priesterskap. Petrus sê dit in soveel woorde: "Julle ... is 'n uitverkore ... priesterschap ..." (1Pt 2:9). En die Openbaring sê dat Jesus Christus ons konings en priesters vir Sy God en Vader gemaak het (Op 1:6).

Ons is in 'n Nuwe Testamentiese sin priesters vir ons God. Voorts is ons almal in 'n sin verstrooides en besitloos. Die wêreld is nie ons woning nie; hier is ons vreemdelinge en bywoners. En ons moet afsien van al ons besittings, nie waar nie (Lk 14:33).

Maar, soos die Leviete van destyds, wat geen grondgebied besit het nie, maar tog orals gewoon het, is ook ons skatryk in die Here. Ons ontvang honderdvoudig huise, broers, susters, moeders, kinders en grond – saam, natuurlik, met vervolging - en in die eeu wat kom, die ewige lewe (Mk 10:30).

Dit bring ons nogeens by die hart van ons geloof: hierdie erfenis van ons het net moontlik geword, omdat Jesus Christus, sê maar, die groot grondlose geword het. Wat het Hý besit? Uiters wat Hy kon saamdra. Het Hy nie gesê nie: "Jakkalse het gate en voëls het neste, maar die Seun van die mens het nie eens 'n rusplek vir sy kop nie" (Lk 9:58).

Les bes: ons Verlosser is die groot en finale Levi. Hy is ons groot Hoëpriester wat deur die hemele gegaan het. Daarom het ons deur Sy bloed vrye toegang tot die heiligdom (Hb 4:14; 10:19).

Nico van der Walt

* Nico v/d Walt onderskryf die historiese, internasionale en reformatoriese 1689 Baptistebelydenis, asook die Belydenis van Sola 5, 'n assosiasie van Godgesentreerde evangeliese gelowiges in Suider-Afrika.
* Subskripsies, adresveranderings, kansellaries en korrespondensie: Posbus 2120, Mosselbaai, 6500;
E: nico.vanderwalt@reformed.org.za Tel. 044 6966526; 082 8489396.

* Blogs: www.e-preke.blogspot.com (met skakels na nóg 4 blogs)
* Weekliks word 'n preek soos hierdie wêreldwyd per e-pos gestuur aan mense wat dit persoonlik aangevra het.
* Geen kopiereg. Dupliseer gerus. Of stuur elektronies verder.

* Preekopnames: E: info@nunide.org.za; T: 012-808 3906